

DIE EFFEK VAN GEEN MIELIE-AANPLANTINGS OP PLAASLIKE EKONOMIEË

DEUR

**DR PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSBURO**

Daar word tans verskeie beroepe op boere gedoen om nie mielies vir die 2005/06-seisoen aan te plant nie. Die realiteite is eenvoudig: eerstens is daar tussen die twee rekordoeite van 2004 en 2005 'n oordragvoorraad van 7,3 miljoen ton mielies terwyl die binnelandse verbruik 7,8 miljoen ton is. Daar is dus bykans 'n hele oes se oordragvoorraad op hande. Tweedens sal die huidige plaasprys van mielies van ongeveer R700 per ton vir Junie 2006 tot gevolg hê dat boere 4,7 ton per hektaar, heelwat bo die langtermyn gemiddeld, moet stroop net om gelyk aan die produksiekoste te kan breek. Dit is dus te verstane dat daar op huidige inligting nie markruimte of wins vir mielies is nie.

Uiteraard sal 'n grootskaalse besluit van boere om nie mielies te plant nie 'n invloed op veral die plattelandse dorpe se ekonomieë hê. Die direkte invloed van so 'n besluit is maklik bepaalbaar. Volgens die Departement van Landbou beloop die Suid-Afrikaanse mielie-oes oor die laaste tien jaar (1994/95 tot 2003/04) gemiddeld R6920 miljoen wat gemiddeld 13% van die totale bruto inkomste uit landbou is. Sou daar dus geen mielie-aanplantings wees nie, beteken dit dat boere hierdie inkomste gaan verbeur.

Die effek van 'n verbeurde mielie-oes kan egter nie net tot boere se verlies aan inkomste beperk word nie. Die boer spandeer 'n groot deel van sy inkomste om produksiemiddele aan te koop, arbeiders te betaal, sy gesin te onderhou en kapitale items aan te koop. Die verlies aan inkomste gaan dus onvermydelik ook na ander besighede in die boer se omgewing uitkring in die vorm van totale spandering in sy dorp en werksgeleenthede in sy gemeenskap.

Die plaaslike ekonomie

Figuur 1 toon die beginsel van 'n plaaslike ekonomie. Geld vloei in die plaaslike ekonomie deur die verkope van uitgevoerde goedere en dienste. Geld word geskep deurdat plaaslike inwoners en besighede plaaslik vervaardigde goedere en dienste aankoop. Geld vloei uit die plaaslike ekonomie wanneer goedere en dienste van buite af ingevoer moet word en ook wanneer nasionale belastinge betaal word.

In die geval van mielies beteken dit dat die mielie-oes van 'n distrik "uitgevoer" word na 'n buitekoper waarop daar geld in die plaaslike ekonomie ontvang word. Die boer spandeer hierdie inkomste deur 'n deel van sy benodigde goedere en dienste plaaslik aan te koop en 'n deel daarvan in te voer. Dié gedeelte wat hy plaaslik spandeer word opnuut weer gedeeltelik plaaslik spandeer terwyl 'n gedeelte weer ingevoer sal moet word. Die aanvanklike inkomste wat die mielie-oes gegenereer het, word dus meer as een keer in die plaaslike ekonomie

spandeer maar 'n gedeelte daarvan lek met elke rondte uit wanneer 'n gedeelte van die goedere en dienste ingevoer word.

Die vermenigvuldiger

Die proses waartydens die aanvanklike mielie-inkomste deur verskeie kopers en verkopers gespandeer word, staan as die vermenigvuldigereffek bekend. Hoe meer rondtes die aanvanklike inkomste in die plaaslike ekonomie maak, hoe meer daarvan sal noodwendig uit die plaaslike ekonomie lek. Figuur 2 toon dat daar in die tweede rondte 60 sent van die aanvanklike R1.00 se inkomste op ingevoerde goedere en dienste spandeer is en dat 40 sent binne die plaaslike ekonomie gebly het. Soos wat die proses homself herhaal, bly daar teen die sesde rondte nog net 3 sent van die aanvanklike R1.00 oor waarvan slegs 1 sent plaaslik gespandeer is. Die kumulatiewe effek van die vermenigvuldiger is dat R1.65 van die totale inkomste in die plaaslike ekonomie gespandeer is. Die totale mielie-oes van R10 miljoen binne 'n enkele distrik sal dus aangroei tot 'n gespandeerde bedrag van R16.5 miljoen.

Die omgekeerde is gevolglik ook waar. Indien 'n potensiële mielie-oes van R10 miljoen in 'n distrik verbeur word, beteken dit in effek dat 'n bedrag van R16.5 miljoen uit die plaaslike ekonomie verwyder word.

Buiten die inkomstevermenigvuldiger, wat hierbo gebruik is, kan daar ook verskeie ander vermenigvuldigers bereken word. Die vernaamste een naas die inkomstevermenigvuldiger is die werksgeleentheidsvermenigvuldiger. Die funksie daarvan is om die aantal werksgeleenthede te bepaal wat deur die aanvanklike inkomste geskep word. Indien boere in die komende seisoen dus nie mielies gaan plant nie, kan die effek van inkomste en werksgeleenthede wat in die plaaslike ekonomie verlore sal gaan deur middel van die vermenigvuldigereffek bepaal word.

Die effek

Dit is 'n redelik ingewikkelde en tydsame proses om 'n vermenigvuldiger vir elke plaaslike ekonomie te bereken. Dit sal ook van distrik tot distrik wissel afhangende van die ligging en ook die produkte wat geproduseer word. In Suid-Afrika is daar geen publieke inligting oor die vermenigvuldigers beskikbaar nie. In die VSA is hierdie inligting egter vir elke distrik beskikbaar. Hoewel dit dalk van plaaslike norme kan verskil, is die inkomstevermenigvuldiger vir Oklahoma 2.51 terwyl die werksgeleentheidsvermenigvuldiger 1.69 is ten opsigte van gewas- en bosbouproduksie. Hierdie twee waardes sal as voorbeeld vir die plaaslike mielie-oes gebruik word.

Die vermenigvuldigereffek vir inkomste en werksgeleenthede is op 'n groep boere in die Oos-Vrystaat van toepassing gemaak. Die gemiddelde bruto inkomste uit mielies vir die afgelope vyf jaar van hierdie boere is R893,619.00 en daar is ten minste 5 arbeiders per boer wiese werksgeleenthede direk aan die mielievertakking gekoppel is. Die resultate van die vermenigvuldigereffek verskyn in Tabel 1.

TABEL 1: VERMENIGVULDIGEREFFEK VAN MIELIES


	Per boer	Vermenigvuldiger	Waarde	100 Boere
Inkomste uit mielies	R 893,619	2.51	R 2,242,983	R 224,298,322
Werknemers by mielies	5	1.69	8.45	845

Tabel 1 toon aan dat die gemiddelde bruto inkomste van 'n boer se mielie-oes 'n uiteindelijke waarde van R2,2 miljoen in sy plaaslike ekonomie kan genereer. Indien dit op 100 boere van toepassing gemaak word, beteken dit dat 'n inkomste van R224 miljoen vir 'n tipiese plaaslike ekonomie in die Oos-Vrystaat verlore sal wees as 'n groep van 100 boere nie mielies gaan plant nie. Terselfdertyd kan daar ook uiteindelik 845 werksgeleenthede in die plaaslike ekonomie verlore gaan indien die groep van 100 boere nie 'n mielie-inkomste gaan hê nie.

Die realiteit is dat boere noodgedwonge nie vanjaar mielies gaan plant nie. Dit is egter nie net die boer se probleem nie want die inkomste wat hy genereer het 'n rimpeleffek deur die plaaslike ekonomie en uiteindelik ook in die totale ekonomie. 'n Groot deel van die ekonomie gaan uiteindelik skade lei as daar in die komende seisoen nie 'n inkomste uit mielies gaan wees nie maar veral plattelandse ekonomieë in die mielieproduserende dele van die land kan tot stilstand gedwing word as boere vanjaar op groot skaal nie mielies gaan plant nie.

Bethlehem
Oktober 2005

FIGUUR 1: DIE PLAASLIKE EKONOMIE



FIGUUR 2: DIE VERMENIGVULDIGEREFFEK

